

Die gesondheid en welstand van ons personeel, hul gesinne en die gemeenskappe waarin ons sake doen, is vir Media24 van uiterse belang in hierdie moeilike tye wat so anders is as enigiets wat ons al voorheen beleef het. Ons het baie gou gereageer toe die Covid-19-pandemie begin ontvou het; om die veiligheid van ons mense te verseker, om te kan aanhou om ons kliënte te bedien en om ons besigheid op die lange duur te beskerm.

Benewens skerper veiligheids- en ander sekerheidsmaatreëls om ons personeel, besoekers en ons kliënte en klante te beskerm, werk almal wat kan reeds vanaf 19 Maart van die huis af en het ons ook ons aangepaste gebeurlikheidsplanne in werking gestel.

Media24 gee sy volle steun aan President Cyril Ramaphosa se afkondiging (23 Maart 2020) van 'n staat van inperking vanaf middernag op 26 Maart, aanvanklik vir 21 dae, en toe op 12 April vir nog twee weke verleng tot 30 April. Dis 'n dapper poging om die verspreiding van die virus te bekamp en bestuur en die mense van Suid-Afrika te beskerm. Terselfdertyd verwelkom ons die regering se besluit om die meerderheid mediaplatforms as noodsaaklike dienste te klassifiseer wat toegelaat word om tydens die inperking aan die gang te bly.

As die voorste mediamaatskappy in Suid-Afrika beskou ons dit as ons verantwoordelikheid en morele plig om akkurate inligting te publiseer en die publiek ingelig te hou. Ewe belangrik, gaan ons voort om tot die gees van solidariteit, meegevoel en positiwiteit by te dra deur ook stories van hoop te vertel.

In lyn hiermee, hou ons digitale nuusdienste vol met hul 24/7-nuusdekking. Ons gaan ook steeds sommige van ons gedrukte koerante en tydskrifte uitgee vir so lank as wat dit prakties moontlik is, maar die verspreiding is ingeperk om aan regulasies te voldoen.

Met die uitsondering van ons store en verspreidingsgeriewe is al ons ander geboue vir die duur van die inperking gesluit en is die joernaliste wat in die veld werk die enigste ander personeel wat nie van die huis af werk nie. Om ons eie mense en ons kliënte en klante te beskerm, het ons bykomende veiligheidsmaatreëls en temperatuurmetinge geïmplementeer by Media24 se store en verspreidingsgeriewe wat oopbly. Hierbenewens geld opgeskerpte veiligheidsmaatreëls ook vir ons joernaliste in die veld, terwyl ons personeel wat verspreiding doen ook sal voldoen aan die maatreëls wat by kleinhandelsvennote geld.

Al ons personeel wat in die veld werk, asook gekontrakteerde koeriers, sal te alle tye die vereiste magtigingsbriewe en akkredikasie-kaarte (joernaliste) op hul dra.

Media24 het 'n bydrae van R1m aan die nasionale Solidarity Response Fund bewillig.

Ishmet Davidson

Uitvoerende hoof: Media24 groep